HOËRSKOOL FICHARDTPARK

FICHIES - NUUSBRIEF

Tel: 051 522 6927 | Faks: 051 525 2043 | Epos: fichpos@fpark.co.za

UIT DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Met die kwartaal wat lekker aan die gang is wil ek graag met die woorde van Romeine 12:9 u motiveer vir die kwartaal:
“Die liefde moet opreg wees. Verafsku dit wat sleg is en hou vas aan wat goed is.”

“SCHOOLS THAT ROCK”

“Schools that rock” plaas skole nuus en prestasies, gaan kyk gerus na die volgende link na aktiwiteite en prestasies van Hoërskool Fichardtpark.

https://freestate.schoolsthatrock.co.za/category/free-state-schools/hoerskool-fichardtpark/

PADVEILIGHEID

Ons vra asseblief alle ouers om die padreëls te volg en te let op ons kinders se veiligheid na skool. Ouers stop huidiglik al drie bane vol, wat onaanvaarbaar is. Geen rybaan is daar vir parkering nie. Daar is ‘n eiland en ‘n sypadjie waar u met gemak u motor kan optrek en wag vir u kind.

SENTRALE SPORTREEKS (WESGROW-REEKS)

Die finale vind eerskomende Saterdag by Shimlapark plaas (program aangeheg). Baie dankie aan elke leerder en afrigter vir hulle harde werk om van hierdie reeks ‘n sukses te maak.

Paar mooi uitslae van die week:

o/14B Netbalspan wen Hoërskool Jim Fouché in die finaal 20-18. Dus wenners van die reeks!

o/14A Rugby wen 12-10 vs. Hoërskool Voortrekker.

o/16A Rugby wen 19-15 vs. Hoërskool Goudveld.

o/14A Seunshokkie wen Hoërskool Jim Fouché 3-2 (Ekstra tyd).

o/18C Meisieshokkie wen Hoërskool Goudveld 1-0.

o/18B Meisieshokkie wen Hoërskool Sentraal 1-0.

Ander hokkieuitslae:

o/18B Meisieshokkie wen Eunice 2-1

o/16A Meisieshokkie speel gelykop teen Eunice 2-2.

o/18A Seunshokkie wen Grey C 5-1.

JAARBLAD

As deel van ‘n nuwe inisiatief kan ouers een of meer bladsye in die jaarblad borg teen R250 per bladsy. Hierdie ouer(s) / besigheid en leerder(s) se besonderhede sal op die betrokke bladsy verskyn en die leerder sal ook nie vir die jaarblad hoef te betaal nie. Die geld kan direk in die skool se rekening betaal word met die volgende verwysing: *leerdernommer Jblad borg* (indien die ouer(s) borg en *Besigheidsnaam Jblad borg* (indien ‘n firma / besigheid die bladsy borg).

U kan u besonderhede (naam en van van ouer(s) en leerder of die naam van u besigheid) en ook die bewys van die betaling stuur aan: finans@fpark.co.za.

SKOOLFONDS

Geen skool kan behoorlik funksioneer sonder die skoolfonds wat ouers betaal nie. Ons vra asseblief u samewerking om u kind se skoolfondsbetalings op datum te hou.
Stuur alle betalingsbewyse na finans@fpark.co.za.

KULTUURWEEK

Ouers sal binnekort meer inligting oor die kultuurweek ontvang.
Dit strek van 5-8 Augustus.

SKAAK

Speel 3-3 gelyk Bloemfontein South.

NAWEEK AKTIWITEITE

Sterkte met die naweek aktiwiteite:
Koorkamp – Mooigenoeg.
Prysskiet – aangebied deur Fichies.

BERLESELL MANNE-AAND

Ons jaarlikse manne-aand wat ook ‘n belangrike fondsinsamelingsprojek van die skool is, vind plaas op
Donderdag 15 Augustus en die kostes beloop R3000 per tafel (van 10 mans).

Ons versoek graag dat ouers en vriende van die skool ons sal ondersteun.

Kontak Mnr. Jacques de Kock by:
bemarking@fpark.co.za

BEHEERLIGGAAM

Mnr. Francois Alberts het van die beheerliggaam bedank. Ons wil hom graag vir sy onbaatsigtige bydrae wat hy al die jare gelewer het, bedank. Ons beste wense vergesel hom. Mnr. Fritz Botes sal waarneem tot die einde van die jaar. ‘n Nuwe voorsitter sal in Januarie 2020 verkies word.

WESGROW FINALE: SATERDAG 20 JULIE 2019 TE SHIMLAPARK

(Netbal finale reeds afgehandel)

Hokkie

TYD	SPAN	OPPONENT	BAAN
11:00	Meisies o/18B	Hoërskool Goudveld	Kovsies – Grasvel
14:30	Seuns o/18A	Hoërskool Diamantveld	Kovsies – Astro
15:30	Meisies o/16A	Hoërskool Noord-Kaap	Kovsies – Astro
17:40	Seuns o/16A	Hoërskool Sentraal	Kovsies – Astro

Rugby

TYD	SPAN	OPPONENT	VELD
08:30	o/14A	Hoërskool Noord-Kaap	Shimlapark
10:40	o/14B	Hoërskool Voortrekker	Veld 4
08:30	o/15A	Hoërskool Noord-Kaap	Veld 3
12:15	o/16A	Hoërskool Noord-Kaap	Veld 2
08:30	Boomspan	Hoërskool Sentraal	Veld 2
13:30	2de	Hoërskool Diamantveld	Veld 1
11:00	1ste	Hoërskool Witteberg	Shimlapark

KULTUURWEEK 2019

Inligting vir TOEGANGSKAARTJIES, epos en ADVERTENSIES:

Erfenisdans

Hoërskool Fichardtpark bied, in samewerking met die Brandkop Voortrekker Kommando en die ATKV, hierdie dans aan.

- Datum: **23 Augustus 2019**
- Plek: Skoolsaal van Hoërskool Fichardtpark, Hudson Rylaan, Fichardtpark.
- Tyd: 19:00
- Toegang: R180 per persoon. SAMBA en kaartfassiliteite beskikbaar.
- Ingesluit: ‘n Tradionele driegangete
- Kontantkroeg
- Gaskunstenaars: Boeremusiek Gilde se orkes.
- Kaartjies is tussen 08:00 en 14:00 by die skool beskikbaar.
- Vir verdere navrae kontak Jacques de Kock by 081 367 7623.

Bring u vriende en vier ons kulturele erfenis saam met ons.

JUNÉ · FRANCO · JUSTIN · DAWIE · CHARISSA · DANNY · ARNO · DYSO
ROBYN · JANDRÉ · SIPHO · MARCO · MELISSA · NIKIA · RIKUS · MIENKE
N HOËRSKOOL FICHARDTPARK PRODUKSIE
SHAKESPEARE HET TALENT
TONEELTEKS & REGIE DEUR
EMMARENTIA BOTES & JEAN-MARI LOMBARD
HOËRSKOOL FICHARDTPARK BIED AAN N BOTES / LOMBARD PRODUKSIE "SHAKESPEARE HET TALENT"
ASSISTENT-REGISSEUR ERIK CURLEWIS VERHOOG-BESTUUR LEANDER VISSER MUSIEK DEUR EUGENE LOMBARD SANG DEUR NELIEN SMITH & JACO STEYN KOSTUUMS/DEKOR DEUR JAQU-LIZE MARAIS
BELIGTING DEUR NADIA JOUBERT FOTOGRAFIE & ONTWERP DEUR RHONA KLOPPER DRUKWERK DEUR E-SQUARED DESIGNS & SIGNS
DOXA DEO OUDITORIUM 31 JULIE & 1 AUG 2019
KAARTJIES : R50/R60 : 079 509 1525

Hoërskool Fichardtpark

Sentrum vir Voorligting, Ontwikkeling en Ondersteuning

Liewe Ouer/Voog

Hoërskool Fichardtpark verneem om die kwartaal 'n **STUDIEWERKSWINKEL** aan te bied. Die werkswinkel behels die volgende:

- Optimalisering van breinfunksionering en geheue
- Tydsbestuur
- Doelwitstelling
- Motivering
- Streshantering/ ontspanningstegnieke
- Neem van notas
- Persoonlike leerstyl evaluasie
- Sleutelwoord ontgunning
- Verskeie opsommingstegnieke
- Verskeie studiemetodes
- Eksamenleiding
- Studierooster

Indien u enige ander versoeke het, skryf dit asb in die spasie voorsien.

Hierdie werkswinkel sal egter strek oor 3 weke:

Sessie 1: Dinsdag **23 Julie** 14:00-15:00

Sessie 2: Dinsdag **30 Julie** 14:00-15:00

Sessie 3: Dinsdag **6 Aug** 14:00-15:00

Kostes beloop **R150 per persoon** vir die volledige werkswinkel. Met ander woorde 3 sessies van 'n uur elk. 'n Handleiding sal ook ingesluit word.

Betaal en handig die voltooide vorm by Tannie Elizabeth in voor of op **22 Julie**.

Plek is beperk, registreer so gou moontlik om jou plek te verseker.

Leerder Naam en Van	Graad + Klas	Ouer / voog hantekening.	Ouer / voog kontakbesonderhede

Groete SVO2 -Span